Die Drie-eenheid, Christus en die Heilige Gees
Hand 2:32-33

Skriflesing:
Hand 2: [32]God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. [33]Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort.
Johannes 16: [5]"Nou gaan ek na Hom toe wat My gestuur het, en tog vra niemand van julle vir My: 'Waar gaan U heen?' nie. [6]Maar omdat Ek dit vir julle sê, is julle harte vol droefheid. [7]Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur. [8]En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het. [9]Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie; [10]die reg is aan my kant, want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie; [11]die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel. [12]"Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. [13]Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. [14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. [15]Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."

Preek:
Met die lees van Handelinge word 'n mens letterlik en figuurlik oorweldig deur die grootheid van God. Nie alleen staan 'n mens in verwondering oor die groot dade van God nie, maar ook op **die wyse waarop daar van God, die Drie-eenheid, Christus en die Heilige Gees gepraat word**. Vir iemand wat Handelinge vir die eerste keer lees, kan dit nogal totaal verwarrend wees.

Kom ons kyk net na 'n paar voorbeelde hoe daar oor God, Christus en die Heilige Gees gepraat word.

Aan die verlamde man wat met groot hoop na hulle kyk, sê Petrus in Han 3: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die **Naam van Jesus Christus van Nasaret**, staan op en loop!"

In sy eerste preek/toespraak oor wat besig is om hier te gebeur, sê Petrus: **Hand 3: God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die**

kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"

Wanneer Ananias en Saffira vir hulle lieg oor die verkoop van die grond sê Petrus aan Annanias: **"Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou? En daarna aan Saffira: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart?**

In Hoofstuk 22 van Handelinge gee Paulus sy getuienis: **[6]"Terwyl ek op reis was en naby Damaskus gekom het, het daar teen die middag skielik 'n sterk lig uit die hemel op my gestraal. [7]Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' [8]'Wie is U, Here?' het ek gevra. 'Ek is Jesus van Nasaret,' het Hy my geantwoord. 'Dit is vir My wat jy vervolg.'**

Dit kan nogal lekker verwarrend klink. **God, Here, Jesus Christus, Heilige Gees, Vader, Verlosser, Gees van God, Gees van Christus** – wie is nou eintlik wie en wanneer moet ek van God praat, en wanneer van Chrsitus en wanneer van die Heilige Gees. Tot wie bid ek nou eintlik? Met Wie staan ek in 'n verhouding? Wie is nou eintlik in beheer? God die Vader, God die Seun of God die Heilige Gees?

Al hierdie verskillende benaming oor God sê vir ons iets oor die grootheid van God. Die drie persone van die Drie-eenheid, God die Vader, God die Seun of Jesus Christus en God die Heilige Gees is so heg aan mekaar verbind, dat hulle eintlik nie eers in drie heel afsonderlike, onafhanklike persone onderskei kan word nie, alhoewel hulle drie afsonderlike persone is. Daarom word daar ook na die Heilige Gees verwys as die "krag van God", die "Gees van God" of die "Gees van Christus". Van die begin af het die Gees net toegepas wat die Vader en die Seun in die skepping en herskepping gedoen het. Die Gees het geen eie, onafhanklike werking nie. **Die Gees pas toe en implementeer wat die Drie-enige God doen.** Daar is niks in die skepping, die herskepping, in die herstel of die voleinding van alles wat nie deur die Gees gedoen word nie. God die Vader is die Skepper wat voortdurend binne sy skepping betrokke bly en dit regeer; God die Seun is die Verlosser wat ons in die regte verhouding met God die Vader bring. God die Seun gee ons 'n kykie in die hart van God en deur Hom leer ons God ken vir Wie Hy is. Die Heilige Gees is in ons werksaam en om dit wat God as Vader en Seun doen, raak te sien en te beleef.

Die Bybel begin met die aankondiging van die Gees se werksaamheid tydens die skepping: "Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die **Gees van God** het oor die waters gesweef (Genesis 1:2) en **die Bybel eindig met die Gees se rol in die voleinding van alles**: "**Die Gees en die bruid** sê: "Kom!". En elkeen wat dit hoor moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!" (Openbaring 22:17).

Die Heilige Gees word die "**Trooster"** genoem, en die **"Voorspraak"** of **"Advokaat".** Terwyl Christus as die Hoëpriester vir ons intree en pleit by die troon van die Vader, spreek die Heilige Gees in ons harte, skep geloof in ons harte, lei die Gees ons deur God se Woord en troos die Gees ons.

By God is die Heilige Gees die **getuie** by die hofsaak teen ons. In die regterstoel sit God, die Vader. In die beskuldigdebank staan elkeen van ons persoonlik. As advokaat vir die verdediging tree Jesus Chrsitus op en in die getuienbank staan die Heilige Gees. Al wat ontbreek is die aanklaer. Soms word ie satan in die Bybel as die aankler voorgestel, maar in die verhoor het hy geen plek nie. In die geval van Job gaan dit oor 'n toetssaak, maar hiert gaan dit nou om lewe en dood; om die ewige lewe en die ewige dood. Hier is geen plek vir die vader van die leuen nie. Hier moet elkeen waaragtig wees. En daarom ontbreek die aanklaer: die klagstaat is elke mens se eie lewe. Dit word hier maar alleen voorgelees. Die Vader as regter lees ons aanklag van ongehoorsaamheid en sonde voor en sê dat elkeen wat sulke dinge doen, die ewige dood verdien. Maar dan kom ons advokaat, Jesus Christus, aan die woord: Vader die aangeklaagde het wel swaar gesondig. Hy/sy het u wette van die oomblik van sy/haar geboorte af oortree en hy/sy het nie 'n kans om in enige hofgeding vrygespreek te word nie. U oordeel sal heel gepas wees: die dood. Maar Vader, kan ek U daaraan herinner dat U my gestuur het om in sy/haar plek te sterwe. En ek sal getuienis kan aanvoer dat die besuldigde wel glo dat Ek dit vir hom/haar gedoen het. Dan word die Heilige Gees opgeroep tot getuienis. En sy getuienis is kort en kragtig: Ek ken die beskuldigde, en ek getuig saam met u gees dat hy/sy kind van God is. En ek onderneem om gedurig by hom/haar te wees en hom/haar te lei om in afhanklikheid van u te leef.

Die Gees gaan voort om die verlossingswerk, die heil, wat Christus deur sy kruis en opstanding bewerk het, toe te pas (te realiseer). Die Heilige Gees sou die wêreld van sonde, oordeel en geregtigheid kom oortuig. Sonder die werking van die Heilige Gees sou die mensdom nie in staat wees om te verstaan dat hulle sondig is nie, dat onreg

orals aan die orde is en dat almal uiteindelik geoordeel sal word nie. Sonder om van hierdie werklikheid oortuig te wees, sal hierdie wêreld nie die verlossing in Christus kan aanvaar nie. Die mense sal geen behoefte daaraan hê nie. Daarom, om mense voor te berei vir die aanvaarding van die verlossing in Christus, is die koms van die Heilige Gees onontbeerlik.

Om hierdie doel te bereik, naamlik om die heil en die verlossing in Christus effektief uit te voer (dit toe te pas) en die wêreld te kom oortuig dat dit inderdaad die prins van hierdie wêreld is wat veroordeel staan, het die Vader en die Seun aan die Gees die Woord van God gegee. **Dit is deur die bemiddeling van die Woord dat die Gees die werk van Christus voortsit**. Die Gees het gekom om ons in die waarheid van die Woord te lei. Die Gees verkondig net die Woord, dit wat Hy van die Vader en die Seun ontvang het. Hy maak dit bekend aan die kerk.

Die verlossing in Christus word deur die Heilige Gees bemiddel, deurdat **Hy ons in die waarheid van die Woord lei**. Deur die Woord maak die Gees die teëstanders van Christus en sy saak stil. Hy gee dus aan die wêreld die kragtigste middel tot oortuiging, die Evangelie, waarvan Hyself die waarheid bevestig het. Die Heilige Gees sal nie alleen die waarheid van die Evangelie bekend maak nie. Hy sal mense oortuig, hulle verander, hulle harte oopmaak vir die aanvaarding van die Evangelie. **Hy "skep" die geloof in Christus en daardeur "herskep" Hy mense in hierdie gebroke wêreld. En terwyl die Gees dit alles doen, verheerlik Hy Jesus Christus in hierdie wêreld.**

Die Gees het gekom om aan ons alles oor God te openbaar. Die Gees het gekom om by ons en in ons te wees. Die Heilige Gees het gekom om ons Trooster en Raadgewer te wees. Hy het gekom om ons harte vir die boodskap van die Evangelie oop te maak en ons te oortuig van die verlossing in Christus. Die Gees het die mense gelei wat die openbaring van God as die Ou en die Nuwe Testament neergeskryf het. Die Heilige Gees het aan ons die Bybel gegee.

Maar die Heilige Gees is ook aan die werk in die herstel en nuut maak van God se gevalle skepping. **Die Heilige Gees maak ons nuut en heel, Hy vernuwe ons na die beeld van Christus, Hy begelei ons, Hy gee ons krag en hoop**. Dit is alleen deur die krag van die Heilige Gees wat die kerk getroue getuies van die koninkryk in hierdie wêreld kan wees. Dit is alleen deur die krag van die Heilige Gees dat ons uiteindelik hierdie wêreld met sy swaarkry en bekommernisse kan oorwin. Die Heilige Gees sal uiteindelik die oorwinning wat

Christus behaal het, finaal volvoer en laat aanbreek. “Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin”(Johannes 16:33).

Ons as Christene is dus baie gelukkig om so ’n Geskenk van God te hê. Kom ons laat die Heilige Gees toe om ons te lei, om ons lewens te beheer, om vir ons die pad te wys. Alleen deur die krag van die Gees van God kan ons bid, kan ons die Woord verkondig, kan ons goeie dade verrig en kan ons die magte van hierdie wêreld oorwin. Dit is hoekom die Heilige Gees ook die Trooster, die Raadgewer of die Advokaat genoem word.

Kom ons bid vir die werk van die Heilige Gees in ons lewe en in die wêreld.